Government Gazette
Staatskoerant

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Vol. 489 Cape Town, Kaapstad, 30 March Maart 2006 **No. 28694**

THE PRESIDENCY

No. 312 30 March 2006

It is hereby notified that the President has assented to the following Act, which is hereby published for general information:—

No. 1 of 2006: Additional Adjustments Appropriation Act (2005/06 Financial Year), 2006.

DIE PRESIDENSIE

No. 312 30 Maart 2006

Hierby word bekend gemaak dat die President sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 1 van 2006: Addisionele Aansuiweringsbegrotingswet (Finansiële Jaar 2005/06), 2006.

(English text signed by the President.)
(Assented to 30 March 2006.)

ACT

To appropriate additional amounts of money for the requirements of the Department of Public Enterprises and the Department of Transport in respect of the 2005/06 financial year; and to provide for matters incidental thereto.

BE IT ENACTED by the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

Appropriation of additional amount of money for requirements of Department of Public Enterprises

1. (1) Subject to the Public Finance Management Act, 1999 (Act No. 1 of 1999), an amount of R2 billion (two billion rand) is hereby appropriated out of the National Revenue Fund for the requirements of the Department of Public Enterprises in respect of the 2005/06 financial year.

(2) The money contemplated in subsection (1) must be transferred to DENEL (Pty) Ltd for the recapitalisation of the entity and to assist DENEL (Pty) Ltd to restructure and refocus its business.

Appropriation of additional amount of money for requirements of Department of Transport

2. (1) Subject to the Public Finance Management Act, 1999 (Act No. 1 of 1999), an amount of R2,7 billion (two billion and seven hundred million rand) is hereby appropriated out of the National Revenue Fund for the requirements of the Department of Transport in respect of the 2005/06 financial year.

(2) The money contemplated in subsection (1) must be transferred to the Road Accident Fund in order for the Road Accident Fund to proceed with scheduled payments to successful claimants and to settle an outstanding payment to the South African Revenue Service.

Short title

3. This Act is called the Additional Adjustments Appropriation Act (2005/06 Financial Year), 2006.

(Engelse teks deur die President geteken.)
(Goedgekeur op 30 Maart 2006.)

WET

Tot bewilliging van addisionele bedrae geld vir die behoeftes van die Departement van Openbare Ondernemings en die Departement van Vervoer ten opsigte van die finansiële jaar 2005/06; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

DAAR WORD BEPAAL deur die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Bewilliging van addisionele bedrag geld vir behoeftes van Departement van Openbare Ondernemings

1. (1) Behoudens die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet No. 1 van 1999), word daar hierby uit die Nasionale Inkomstefonds vir die behoeftes van die Departement van Openbare Ondernemings 'n bedrag van R2 miljard (twee miljard rand) ten opsigte van die finansiële jaar 2005/06 bewillig.

(2) Die geld beoog in subartikel (1) moet na DENEL (Edms) Bpk oorgedra word vir die herkapitalisering van die entiteit en om DENEL (Edms) Bpk te help om sy besigheid te herstruktureer en te herfokus.

Bewilliging van addisionele bedrag geld vir behoeftes van Departement van Vervoer

2. (1) Behoudens die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet No. 1 van 1999), word daar hierby uit die Nasionale Inkomstefonds vir die behoeftes van die Departement van Vervoer 'n bedrag van R2,7 miljard (twee miljard en sewehonderd miljoen rand) ten opsigte van die finansiële jaar 2005/06 bewillig.

(2) Die geld beoog in subartikel (1) moet na die Padongelukfonds oorgedra word sodat die Padongelukfonds met geskeduleerde betalings aan suksesvolle eisers kan voortgaan en 'n uitstaande betaling aan die Suid-Afrikaanse Inkomstediens kan vereffen.

Kort titel

3. Hierdie Wet heet die Addisionele Aansuiweringsbegrotingswet (Finansiële Jaar 2005/06), 2006.